Die Weg Christelike Gemeente
The Way Christian Fellowship
Nelspruit
Telefoon 082 339 6622 / Faks 086 511 3406 / E-Pos jcputter@telkomsa.net
Posbus 12285, Nelspruit, 1200. Mpumalanga. South Africa

JAARVERSLAG VIR DIE TYDPERK 1 MAART 2015 TOT 29 FEBRUARIE 2016

INLEIDING

Dit is vir my as Senior Pastoor van ons gemeente, 'n voorreg om 'n opsomming van die gemeente se aktiwiteite vir die tydperk 1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016, met u te deel.

Ek gaan in hierdie verslag 'n uiteensetting van die volgende sake gee:

1. Gemeente struktuur.
2. Algemene Inligting.
3. Finansies.
4. Doel van gemeente.
5. Identiteit en kultuur van ons gemeente.
6. Geestelike rol van ons gemeente in Nelspruit.
7. Aktiwiteite.

GEMEENTESTRUKTUUR

OUDERLINGE RAAD

Die Ouderlinge Raad is: Johan Putter, Melg Welmans, Daan Lotter en Tobie de Bruin.

BREËRE LEIERSKAP

Ons breë leierskapsgroep bestaan uit lidmate wat verantwoordelikheid vir bedieninge aanvaar het.

Hulle is:

- Johan Putter: Senior Pastoor. (Herderlike bediening en administrasie)
- Tobie de Bruin: (Evangelisasie, Kinderkerk en Dissipelskap.)
- Diddy de Bruin: (Verversings en kombuis)
- Melg en Susan Welmans: (Huwelikskursus asook die "Geskep om te slaag" kursus)
- Daan en Erna Lotter: (Sending en sel groepe)
- Anja Heyl: (Musiek bediening.)
- Wilhelm Heyl: (Klank)
- Andia van Wyngaardt: Jeug bediening

- Jeanne van Heerden: (Besigheidsel.)
- Patricia van Heerden: (Gebedsel.)
- Alida Post (Rekenmeester)
- Doret Putter: (Administrasie, finansies en dame sel.)
- Jeamene Coertze: (Sekretariële werk en administrasie.)
- Kobus en Jeanette de Witt (Sending en evangelisasie in omliggende gebiede.)
- Mariette de Bruin en Patricia Van Heerden (Kinder bediening in Kabokweni.) Mariette is ook ons ons leidster met die Kinderkerk.
- Alicia Willemse: Skoonmaak van kerkgebou.

Benewens bostaande mense, is daar talle lidmate wat by bedieninge betrokke is soos:

- Ons het ’n baie sterk RTF bedieningsgroep.
- Ons het wonderlike gebedsgroep. (Sekere mense het ’n rooilyn reguit Hemel toe)
- Ons het ’n fantastiese musiekgroep.
- Daar is mense wat elke Sondag seker maak dat die tiendes en offerandes getel word en seker maak dat ons klank en rekenaar werk.
- Daar is mense wat seker maak dat daar Sondae koffie en tee is.

ALGEMENE INLIGTING

N0	ITEM	STATUS-QUO
1	Kerkgebou	Huur kontrak
2.	Kerk kantore	Ja, word gratis deur gemeentelid beskikbaar gestel.
3.	Web tuiste en Facebook	Ja
4.	Administrasie stelsel	Ja
5.	Het gemeente ‘n grondwet?	Ja
6.	Is gemeente as PBO en NPO geregistreer?	Ja
7.	Het gemeente ’n Rekenmeester?	Ja
8.	Word finansiële state bygehou en geoudit?	Ja
9.	Kinderkerk Bediening	Ja
10.	Sending/evangelisasie bediening	Ja
11.	Musiek bediening	Ja
12.	Gebedsbediening	Ja
13.	Ouer vrouens ondersteun jonger vrouens	Ja
14.	Ouer mans ondersteun die jonger mans	Ja
15.	Maatskaplike uitreik	Ja
16.	Jeug bediening	Ja
17.	Selle	Ja
18.	Dissipelskap kursus	Ja
19.	Kursus om ouers toe te rus vir hulle opvoedingstaak?	Ja
20.	Huweliksbediening?	Ja
21	Kursus om gelowiges nader aan God se Vaderhart te bring?	Ja
22	Hospitaal bediening	Ja
23	Aantal lidmate	105

FINANSIES

Ons gemeente is finansieel gesproke van lidmate se tiendes en offerandes afhanklik om te funksioneer.

Ons het gedurende die verslagtydperk altyd voldoende fondse beskikbaar gehad om al ons finansiële verpligtinge na te kom. Alida Post is ons Rekenmeester en sy sal volledige verslag aan u doen.

Ek wil dan nou graag van die geleentheid gebruik maak om u van harte te bedank vir u getrouheid rakende ons finansies. Mag God u ryklik seën!

DOEL VAN GEMEENTE

Ons gemeente se doel is; "*Om gelowiges te help om geestelik volwasse te word en die karakter en beeld van Jesus Christus in 'n groter mate na ander mense te weerkaats".*

Al ons gemeente se aktiwiteite soos lofprysing en aanbidding, prediking en gebedsbediening asook al die kursusse en seminare, is daarop gerig om ons doelwit te bereik. Dit is hoekom die gemeente bestaan.

IDENTITEIT EN KULTUUR VAN ONS GEMEENTE

Ons gemeente bestaan nou agt jaar en het oor die tyd, 'n eie identiteit en kultuur ontwikkel. Elke gemeente het 'n eie identiteit en kultuur, en dit vertel ander mense wie ons is of wie ons probeer wees. Ons identiteit en kultuur is in die baniere saamgevat wat ons gemaak het.

GEESTELIKE ROL VAN ONS GEMEENTE IN NELSPRUIT

Ons glo dat elke gemeente in ons stad 'n spesifieke rol het om in God se Koninkryk te vervul.

Elke gemeente is God se instrument en 'n skaak stuk op die skaakbord.

Die geestelike beeld van ons gemeente is 'n militêre tipe swaardiens 4x4 vragmotor wat gebou is om moeilike en byna onbereikbare plekke te kan bereik. In 'n geestelike sin is ons toegerus om moeilike en gevaarlike geestelike dinge te kan doen. Ons is een van God se spesialis eenhede in die stad.

In hierdie verband is ons gemeente God se instrument om:

1. Ongelowige mense tot geloof in Jesus Christus as hulle Saligmaker te lei.
2. Nuwe bekeerlinge te dissipel.
3. Mense wat geestelik gebroke, seer en siek is asook in 'n geestelike gevangenis is, na heling en vryheid in Jesus, daaruit te lei.

Ek dink hierdie beeld is gedurende die verslag jaar vervul in ons betrokkenheid by:

1. Geestelike bevryding van mense.
2. Verbreking van vloeke oor mense.
3. Innerlike genesing van mense.
4. Reiniging van geestelik besmette plekke.
5. Herstel en heling van huwelike.

AKTIWITEITE

Wat ons aktiwiteite betref, gaan ek vir u enkeles noem om u 'n idee te gee waarby ons betrokke was;

1. Ons het 'n ses maande Dissipelskap kursus aangebied.
2. Ons hou die eerste Woensdag van elke maand 'n lofprysing aand getiteld; " *'n Aand saam met Abba Vader*" Dit is 'n wonderlike geleentheid om in jou geloof opgebou te word en vrylik lof en eer aan God te bring.
3. Ons het 'n baie aktiewe gebedsgroep waar gereeld vir gemeentelede en aktuele sake gebid word.
4. 'n Sterk groep lidmate het pas 'n 40 dae vas en gebed afgehandel.
5. Ons het van ons gemeente lede verder in Gebedsbediening opgelei om oa, ons mense wat geestelike probleme het, te help. Ons het wonderbaarlike suksesse behaal waarvoor God drie-enig al die lof en eer kry. Ons het nou in ons gemeente baie meer gesonde en geseënde mense as 'n jaar gelede. Daar is ook talle nie-gemeentelede wat nou gesond en heel is.
6. Ons het 'n "Hoor God se stem" seminaar aangebied.
7. Ons het 'n bevryding seminaar aangebied.
8. Ons het 'n Projek Ware Noord kamp aangebied.
9. Ons het 'n dameskamp aangebied.
10. Ons het sending in Sekhohoro gaan doen.
11. Daar word op sekere Saterdae 'n selgroep vir lede van die SAW aangebied.
12. 'n Kinderbediening seminaar is bygewoon.
13. Die TCN konferensie is bygewoon.
14. Ons het hospitaal besoeke gedoen waar ons vir siek mense gebid en hulle bedien het.
15. Daar word op gereelde basis in Ouetehuise en in 'n hospitaal gepreek.
16. Van ons lidmate is op internasionale vlak geëvalueer om te verseker dat hulle aan internasionale bedieningstandaarde voldoen.
17. Ons het 'n program waar ouer vrouens die jonger vrouens mentor asook ouer mans die jonger mans.

SAMEVATTING

Samevattend kan die sukses van 'n gemeente aan die volgende dinge gemeet kan word:

1. Het die gemeente in die verslag tydperk, mense na Jesus Christus toe gelei? Ja.
2. Is lidmate met geestelike probleme gehelp? Ja
3. Het lidmate geestelik gegroei? Ja.
4. Is lidmate deur moeilike tye ondersteun? Ja.

5. Het die gemeente ’n positiewe impak in die omgewing gemaak? Ja.
6. Word God die Heilige Gees se teenwoordigheid tydens eredienste ervaar? Ja.

Die wonderlikste ding vir my is dat hierdie gemeente nie deur een of twee mense gedra word nie.

Dit was in alle opsigte ’n span poging. Daarvoor wil ek vandag julle almal bedank.

Mag Abba Vader se vrede met julle almal wees!

J C Putter
Senior Pastoor

Datum: 6 Maart 2016